MUNISIPALITEIT SWARTLAND
EIENDOMSBELASTINGBELEID

Ingevolge artikel 3 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), aanvaar die Munisipaliteit van Swartland die volgende Eiendomsbelastingbeleid–

Inhoudsopgawe

1. Woordomskrywings
1A. Doel van die beleid
2. Beleidsbeginsels
3. Die hef van belastings
4. Kategorieë van eiendomme
5. Kategorieë van eienaars
6. Differensiële belasting
7. Vrystellings
8. Kortings
9. Aansoeke om vrystelling of korting
10. Verminderings
11. Belastingaanpassings
12. Meerdoelige gebruik van eiendomme
13. Koste van vrystellings, kortings, verminderings, infasering van belasting
14. Betalingsreëlings
15. Gebruiksaanwending van eiendom

1. Woordomskrywings

In hierdie beleid geld die Engelse teks in die geval van enige teenstrydigheid met die Afrikaanse teks, en tensy die konteks anders aandui, beteken–

"agent" met betrekking tot die eienaar van eiendom, 'n persoon deur die eienaar van die eiendom aangewys om–

(a) huur of ander betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te ontvang; of
(b) om betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te maak;

"belasting" 'n munisipale belasting op eiendom soos beoog in artikel 229(1)(a) van die Grondwet en belastings het 'n ooreenstemmende betekenis;

"belasbare eiendom" eiendom waarop 'n munisipaliteit ingevolge artikel 2 van die Wet belasting moet hef, met die uitsluiting van eiendom wat ten volle van die hef van belasting uitgesluit word ingevolge artikel 17 van die Wet;

"bewaringsgebied"–

(a) 'n beskermde gebied soos gelys by artikel 10 van die Wet op Beskermde Gebiede, Nr 52 van 2003;
(b) 'n natuurreservaat gestig ingevolge die Ordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, Nr 19 van 1974; of
(c) enige grondgebied wat as oop ruimte sone II of III ingevolge die munisipaliteit se soneringskemaregulasies gesoneer is; met dien verstande dat sodanige beskermde gebiede, natuurreservate of grondgebiede, met uitsondering van toerisme-fasiliteite wat daarop opgerig mag wees, uitsluitlik gebruik word vir die bewaring van die fauna en flora en die produkte van sodanige grondgebiede nie vir kommersiële gewin verhandel word nie.

"die Wet" beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Nr 6 van 2004);

"eienaar"–

(a) ten opsigte van eiendom gemeld in paragraaf (a) van die omskrywing van **"eiendom",** 'n persoon in wie se naam eienaarskap van die eiendom geregistreer is;
(b) ten opsigte van 'n reg gemeld in paragraaf (b) van die omskrywing van **"eiendom"** 'n persoon in wie se naam die reg geregistreer is;
(bA) met betrekking tot 'n tyddeelbelang soos bedoel in die Wet op die Beheer van Eiendomtydsdeling, 1983 (Wet 75 van 1983), die bestuursvereniging soos bedoel in die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 12 van gemelde wet soos gepubliseer per goewermentskennisgewing R327 van 24 Februarie 1984;
(bB) met betrekking tot 'n aandeel in 'n aandeleblokmaatskappy soos bedoel in die Wet op Beheer van Aandeleblokke, 1980 (Wet 59 van 1980), die aandeleblokmaatskappy soos omskryf in gemelde wet.
(bC) met betrekking tot geboue, ander onroerende strukture en infrastruktuur soos bedoel in artikel 17(1)(f) van die Wet, die houer van 'n mynboureg of mynboupermit;
(c) ten opsigte van 'n grondbesitreg gemeld in paragraaf (c) van die omskrywing van **"eiendom"** 'n persoon in wie se naam die reg geregistreer is of aan wie dit ingevolge wetgewing toegestaan is; of
(d) ten opsigte van openbare dienste infrastruktuur gemeld in paragraaf (d) van die definisie van **"eiendom"**, 'n staatsorgaan wat sodanige openbare dienste infrastruktuur besit of beheer, soos beoog by die definisie in die Wet van die term "openbare beheerde", met dien verstande dat 'n persoon wat hieronder gemeld word vir die doeleindes van dié Wet in die volgende gevalle as die eienaar van 'n eiendom deur 'n munisipaliteit beskou sal word–
    (i) 'n trustee, in die geval van 'n eiendom in 'n trust, met uitsluiting van staatstrustgronde;
    (ii) 'n eksekuteur of administrateur in 'n bestorwe boedel;

(iii) ‘n trustee of likwidateur, in ’n insolvente boedel of in likwidasie;
(iv) ‘n geregtelike bestuurder, in die boedel van ’n persoon onder geregtelike bestuur;
(v) ‘n kurator in die boedel van ’n persoon wat onder kuratorskap verkeer;
(vi) ‘n vruggebruiker of ander persoon in wie se naam ’n vruggebruik of ander persoonlike serwituut geregistreer is, in die geval van ’n eiendom wat aan vruggebruik of ’n ander persoonlike serwituut onderworpe is;
(vii) ‘n koper, in die geval van ’n eiendom wat verkoop is en waarvan besit gegee is aan die koper hangende registrasie van eienaarskap in die naam van die koper;
(viii) ’n huurder van eiendom waarop ’n grondbesitreg van toepassing is en wat aan die houer van sodanige reg verhuur word;

“eiendom”–

(a) onroerende eiendom geregistreer in die naam van die persoon, met inbegrip van, in die geval van ’n deeltitelskema, ’n deeltiteleenheid wat in die naam van ’n persoon geregistreer is;
(b) ‘n reg geregistreer teen onroerende eiendom in die naam van ’n persoon, met uitsluiting van ’n eiendomsverband wat teen die eiendom geregistreer is;
(c) ‘n grondbesitsreg geregistreer in die naam van ’n persoon of wat ingevolge wetgewing aan ’n persoon verleen word; of
(d) openbare dienste infrastruktuur;

“finansiële jaar” die tydperk wat op 1 Julie in ’n jaar ’n aanvang neem tot 30 Junie van die volgende jaar;

“gestremde persoon” iemand wat ‘n ongeskiktheidstoelaag van die ~~staat ontvang;~~Departement van Sosiale Ontwikkeling ontvang;

“grondbesitreg” ’n grondbesitreg soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Opgradering van Grondbesitregte, 1991 (Wet 112 van 1991);

“jaarliks” eenkeer elke finansiële jaar;

“kategorie”–

(a) ten opsigte van ’n eiendom, ’n eiendomskategorie bepaal ingevolge artikel 8(2) van die Wet;
(b) ten opsigte van die eienaars van eiendom, ’n kategorie eienaars bepaal ingevolge Artikel 15(2) van die Wet;

“kleinhoewe” ’n gebied wat hoofsaaklik landelik of soortgelyk gesoneer is met die doel om kleiner landelike eiendomme te akkommodeer wat gebruik mag word vir landbou- en residensiële doeleindes deur persone wat ’n landelike leefstyl verkies;

“korting” ’n korting op die belastingbedrag wat op die eiendom betaalbaar is;

“landbou eiendom” met betrekking tot die gebruik van eiendom, eiendom wat primêr vir landboudoeleindes gebruik word, maar sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van artikle 9 van die Wet, word enige deel daarvan wat kommersieël gebruik word vir die akkommodasie van gaste uitgesluit asook die gebruik van die eiendom vir die doeleindes van ekotoerisme of die handel in of die jag van wild;

“markwaarde” ten opsigte van ’n eiendom, die waarde van die eiendom wat ooreenkomstig artikel 46 van die Wet bepaal word;

“meerdoelige doeleindes” ten opsigte van ’n eiendom, die gebruik van ’n eiendom vir meer as een doel soos bedoel in artikel 9 van die Wet;

“munisipale bestuurder” ’n persoon wat ingevolge artikel 54A van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000, (Wet 32 van 2000) aangestel is;

“munisipale eiendom” eiendom wat geregistreer of gevestig is in die naam van die Munisipaliteit Swartland;

“munisipaliteit” die Munisipaliteit Swartland en sluit enige gedelegeerde amptenaar of diensverskaffer van die munisipaliteit in;

“**mynbou eiendom”** eiendom wat vir mynboudoeleindes gebruik word soos omskryf in die Wet op Petroleumprodukte en Ontwikkeling, 2002 (Wet 28 van 2002);

“okkupeerder” ten opsigte van ’n eiendom, ’n persoon wat in werklike okkupasie of beheer daarvan is, ongeag of sodanige persoon die reg het om die eiendom te okkupeer al dan nie;

“openbare dienste infrastruktuur” infrastruktuur wat van owerheidsweë beheer word vir die volgende doeleindes-

(a) nasionale, provinsiale or ander openbare paaie waarop goedere, dienste of arbeid oor munisipale grense beweeg;
(b) water- of rioolpype, kanale of ander geleikanale, damme, watervoorsieningsreservoirs, waterbehandelingsaanlegte or waterpompe wat deel vorm van ’n water- of riool skema wat die publiek bedien;
(c) kragstasies, substasies of kraglyne wat deel vorm van ’n elektrisiteitskema wat die publiek bedien;
(d) gas of vloeistof aanlegte of raffinaderye of pypleidings vir gas of vloeibare brandstof wat deel vorm van ’n skema wat sodanige brandstowwe vervoer;
(e) spoorlyne wat deel vorm van ’n nasionale spoorwegsisteem;
(f) kommunikasietorings, maste, sentrales of lyne wat deel vorm van ’n kommunikasiestelsel wat die publiek bedien;
(g) aanloopbane, blaaie en die lugverkeerbeheereenheid by ’n nasionale of provinsiale lughawe, insluitend die vakante grond bekend as die obstruksievrye sone wat dit omring, wat vakant moet wees vir lugnavigasiedoeleindes;

(h) breekwaters, seemure, kanale, hawekomme, kaaimure, hawehowe, paaie spoorweë of infrastruktuur wat gebruik word vir die voorsiening van water, ligte, krag, riool of soortgelyke dienste vir hawens of navigasietoerusting wat behels ligtorings, boeie, bakens of enige ander toerusting of stelsel wat gebruik word vi die veilige en doeltreffende navigasie van vaartuie;

(i) enige ander infrastruktuur wat van owerheidsweë beheer word soos voorgeskryf mag word; of

(j) 'n reg geregistreer teen onroerende eiendom ten opsigte van infrastuktuur in sub paragrawe (a) tot (i);

"openbare diensdoeleindes" met betrekking tot die gebruik van eiendom, eiendom wat deur 'n staatsorgaan besit en gebruik word vir-

(a) hospitale of klinieke;
(b) skole, voorskole, vroeë kinderjare ontwikkelingsentrums of verdere onderwys en opleidingskolleges;
(c) nasionale en provinsiale biblioteke en argiewe;
(d) polisiestasies;
(e) korrektiewe fasiliteite;
(f) howe;

maar uitgesluit eiendom bedoel in die definisie van "openbare diensinfrastruktuur";

"plaaslike gemeenskap" ten opsigte van 'n munisipaliteit beteken–

(a) daardie groep persone wat bestaan uit–
  (i) die inwoners van die munisipaliteit;
  (ii) die belastingbetalers van die munisipaliteit;
  (iii) enige burgerlike organisasies en nie-regerings-, privaatsektor of arbeidsorganisasies of -liggame wat gemoeid is met plaaslike aangeleenthede binne die munisipaliteit; en
  (iv) besoekers en ander mense wat buite die munisipaliteit woon wat op grond van hul teenwoordigheid in die munisipaliteit gebruik maak van die dienste of fasiliteite wat deur die munisipaliteit voorsien word; en
(b) sluit meer spesifiek die armes en voorheen benadeeldes van sodanige groep persone in;

"raad" die munisipale raad van Munisipaliteit Swartland;

"residensiële eiendom" eiendom wat ingevolge artikel 48(2)(b) van die Wet as residensieël ingesluit is in 'n waardasielys ten opsigte waarvan die primêre gebruik of toegelate gebruik vir residensiele doeleindes is sonder om afbreuk te doen aan artikel 9 van die Wet;

"senior burger" 'n persoon wie 65 jaar of ouer is;

"toegelate gebruik" ten opsigte van 'n eiendom, die beperkte doeleindes waarvoor die eiendom gebruik mag word ingevolge–

(a) enige beperkings opgelê deur–
  (i) 'n titelvoorwaarde;
  (ii) 'n bepaling van 'n dorpsbeplannings- of grondgebruikskema; of
  (iii) enige wetgewing van toepassing op enige spesifieke eiendom of eiendomme; of
(b) enige versagting van enige sodanige beperkings;

"uitsluiting" ten opsigte van 'n munisipaliteit se bevoegdheid om belasting te hef, 'n beperking van daardie mag soos bepaal in artikels 16 en 17 van die Wet;

"vrystelling" ten opsigte van die bepaling van belasting, 'n vrystelling wat ingevolge Artikel 15(1) van die Wet toegestaan word;

"vermindering" die verlaging van die bedrag waarvoor die eiendom gewaardeer is en die hef van 'n belasting op die eiendom op sodanige laer bedrag.

1A. Doel van die beleid

Die doel van die beleid is:

(a) om te voldoen aan die bepalings van artikel 3 van die Wet;
(b) om kriteria te bepaal wat toegepas moet word vir–
  (i) die hef van verskillende koerse vir verskillende kategorieë van eiendomme;
  (ii) vrystellings;
  (iii) verminderings en kortings; en
  (iv) belastingverhogings of verlagings;
(c) om kriteria vir die vasstelling van die volgende te bepaal of te voorsien–
  (i) kategorieë van eiendomme vir die doel van die hef van verskillende belastings; en
  (ii) kategorieë van eienaars van eiendomme of kategorieë van eiendomme vir die doel van die toestaan van vrystellings, kortings en verminderings;
(d) om te bepaal hoe die munisipaliteit se magte ten opsigte van meerdoelige eiendomme uitgeoefen moet word;
(e) om die volgende vir die munisipaliteit te identifiseer en te kwantifiseer in terme van koste en die voordeel vir die gemeenskap–
  (i) vrystellings, kortings en verminderings;
  (ii) uitsluitings; en
  (iii) belastings op eiendomme wat ingefaseer moet word;
(f) om die uitwerking van belasting op die armes in aanmerking te neem;
(g) om die uitwerking van belasting op organisasies wat bepaalde openbare weldaadsaktiwiteite verrig en geregistreer is ingevolge die Inkomstebelastingwet vir belasting vrystellings as gevolg van die aktiwiteite, in die geval van eiendom wat deur sodanige organisasies

vir sodanige aktiwiteite besit en gebruik word, in aanmerking te neem;

(h) om die uitwerking van belasting op die openbare dienste infrastruktuur in aanmerking te neem;

(i) om die munisipaliteit in staat te stel om plaaslike ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder;

(j) om alle belasbare eiendom te identifiseer;

(k) om te verseker dat vrystellings, kortings en verminderings waarvoor in hierdie beleid voorsiening gemaak word voldoen aan en geïmplementeer word volgens ’n nasionale raamwerk wat voorgeskryf kan word na raadpleging van georganiseerde plaaslike bestuur; en

(l) om te verseker dat die munisipaliteit nie ’n verligting toestaan ten opsigte van die betaling van belasting–

(i) aan ’n kategorie van eienaars van eiendomme, of aan die eienaars van ’n kategorie van eiendomme, anders as by wyse van ’n vrystelling, korting of vermindering waarvoor in hierdie beleid voorsiening gemaak word en toegestaan word ingevolge artikel 15 van die Wet nie; of

(ii) aan die eienaars van eiendomme op ’n individuele basis nie.

2. Beleidsbeginsels

(1) Die heffing van belasting op ’n eiendom is ’n uitsluitlike reg van die munisipaliteit wat optimaal en omvattend binne die munisipaliteit en met oorweging van die totale inkomstebron van die munisipaliteit aangewend sal word.

(2) Die belasting van eiendomme sal onafhanklik, regverdig, billik en sonder voorkeur gedoen word en dié beginsels sal ook toegepas word by die bepaling van kriteria vir vrystellings, verminderings en kortings soos bepaal in artikel 15 van die Wet.

(3) Die hef van eiendomsbelasting moet op so ’n wyse toegepas word dat–

(a) dit ontwikkelingsgerig is;

(b) volhoubare plaaslike regering daardeur bevorder word deurdat ’n stabiele en konstante bron van inkomste tot die diskresionêre beheer van die munisipaliteit gestel word; en

(c) ekonomiese en maatskaplike plaaslike ontwikkeling daardeur bevorder word.

(4) Eiendomsbelasting sal gehef word om ongelykhede van die verlede reg te stel en die effek van belasting op behoeftiges te minimaliseer.

(5) Belasting sal gehef word in verhouding tot die markwaarde van die eiendom.

(6) Die belastingtarief sal gebaseer word op die waarde van alle belasbare eiendomme en die bedrag wat die munisipaliteit nodig het om die bedryfsbegroting te balanseer, met inagneming van die surplus wat uit die handels- en ekonomiese dienste verkry is en die bedrae wat vereis word om vrystellings, kortings, verminderings en infasering van belasting, soos deur die raad goedgekeur, te finansier.

(7) Handels- en ekonomiese dienste sal afgebaken word en tariewe en dienskoste sal op so ’n wyse bereken word dat die inkomste wat gegenereer word, die koste van die dienste dek of ’n surplus genereer.

(8) Eiendomsbelasting sal gebruik word om gemeenskapsdienste te finansier.

(9) Winste uit handels- en ekonomiese dienste mag gebruik word om gemeenskapsdienste te subsidieer.

(10) Die voorsiening van bedryfskapitaal en slegte skulde moet verband hou met gemeenskapsdienste en mag nie voorsienings in verband met handels- en ekonomiese dienste insluit nie.

(11) Die inkomstebasis van die munisipaliteit moet beskerm word deur vrystellings, kortings en verminderings te beperk.

3. Die hef van belastings

(1) Onderworpe aan die bepalings van subparagraaf (2) moet die munisipaliteit belastings op alle belasbare eiendom in sy regsgebied hef teen ’n koers wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 van die Wet vasgestel word.

(2) Geen belastings mag gehef word nie–

(a) soos bepaal in artikel 17 van die Wet;

(b) op die munisipaliteit se eiendom;

(c) op openbare dienste infrastruktuur wat die eiendom is van ’n munisipale entiteit;

(d) op eiendomme vermeld in artikel 7(2)(a)(iii) en (iv) van die Wet; en

(e) op eiendomme wat kragtens paragraaf 7 hiervan vrygestel is.

4. Kategorieë van eiendomme

Eiendomme mag soos volg gekategoriseer word ooreenkomstig die gebruik daarvan, die toegelate gebruik daarvan of ’n kombinasie van die twee-

(a) residensiële eiendomme;

(b) vakante residensiële eiendom;

(c) industriële eiendomme;

(d) sake-eiendomme;

(e) eiendomme in landelike gebied wat gesoneer is vir besigheidsdoeleindes of eiendom ten opsigte waarvan vergunningsgebruik ingevolge die munsipaliteit se soneringskemaregulasies goedgekeur is;

(f) landbou-eiendomme;

(g) staatseiendom, uitgesluit staatseiendom vermeld in subparagraaf (l) hieronder;
(h) munisipale eiendom wat in die Munisipaliteit Swartland se naam geregistreer is of by die munisipaliteit berus;
(i) openbare dienste infrastruktuur ;
(j) informele nedersettings, insluitend die wat voorkom op grond wat nie in residensiële erwe onderverdeel is nie;
(k) eiendom–
  (i) verkry deur die Wet op Voorsiening van Grond en Bystand, 1993 (Wet Nr 126 van 1993) of die Wet op die Herstel van Grondregte, 1994 (Wet Nr 22 van 1994); of
  (ii) wat onderworpe is aan die Wet op Gemeenskaplike Eiendomsassossiasie, 1996 (Wet Nr 28 van 1996);
(l) bewaringsgebiede;
(m) eiendomme waarop nasionale monumente geproklameer is;
(n) eiendomme wat deur die volgende openbare weldaadsorganisasies besit word en vir die ooreenstemmende openbare weldaadsaktiwiteite soos vermeld in Deel 1 van die Negende Skedule tot die Inkomstebelastingwet Nr 58 van 1962 gebruik word–
  (i) welsyn en humanitêre organisasies;
  (ii) kulturele organisasies;
  (iii) sportorganisasies;
  (iv) bewarings-, omgewings- en dierebeskermingsorganisasies;
  (v) gesondheidsorganisasies; en
  (vi) onderwys en ontwikkeling.
(o) eiendomme wat vir meerdoelige doeleindes gebruik word ooreenkomstig die munisipaliteit se soneringskemaregulasies.

5. Kategorieë van eienaars

Vir die doeleindes van die beleid sal die volgende kategorieë van eienaars in terme van artikel 15(2) van die Wet erken word-

(a) eienaars wat vir deernishulp kwalifiseer ooreenkomstig die Kredietbeheer en Skuldinvorderingsbeleid van die munisipaliteit;
(b) eienaars van eiendomme wat binne ’n gebied geleë is wat geaffekteer is deur–
  (i) ‘n ramp soos omskrywe in die Rampbestuurswet, 2002 (Nr 57 van 2002); of
  (ii) enige ander ernstige sosiale en ekonomiese omstandighede;
(c) eienaars van residensiële eiendomme waarvan die markwaarde laer is as ’n bedrag wat deur die munisipaliteit vasgestel is; en
(d) ‘n eienaar van residensiële eiendom wie 65 jaar of ouer is.

6. Gedifferensieerde belasting

(1) In terme van artikel 8 van die Wet mag die munisipaliteit gedifferensieerde belasting hef op verskillende kategorieë belasbare eiendom.
(2) 'n Belastingkoers gelykstaande aan 25%, of enige ander laer koers waarop die munisipaliteit mag besluit, van die koers betaalbaar ten opsigte van residensiële eiendomme, mag gehef word op–
(a) landbou-eiendomme; en
(b) daardie gedeelte van ’n eiendom in die kategorie **“meerdoelige doeleindes”** wat in terme van artikel 15(2) van die Wet vir landboudoeleindes toegewys is.

7. Vrystellings

(1) Om die belastinglas en koste van diensheffings te verminder, word alle munisipale eiendomme vrygestel van eiendomsbelasting insluitende munisipale eiendom wat verhuur word.
(2) Die volgende eiendomme sal ook vrygestel word van eiendomsbelasting–
(a) eiendom toegeken aan die kategorie soos bepaal in paragraaf 4(m), mits–
  (i) die organisasie wat sodanige eiendom besit, vir belastingvrystelling geregistreer is in terme van die Wet op Inkomstebelasting;
  (ii) 'n geldige sertifikaat, uitgereik deur die SA Inkomstediens, bevestig dat sodanige registrasie toegestaan is; en
  (iii) 'n aansoek om belastingvrystelling vir die volgende finansiële jaar jaarliks voor of op 30 September ingedien is.
(b) eiendom geregistreer in die naam van 'n openbare weldaadorganisasie (welsyn en humanitêr) wat vir die volgende openbare weldaadsaktiwiteite aangewend word–
  (i) die sorg vir of berading van, of die voorsiening van opvoedingsprogramme met betrekking tot verlate, mishandelde, verwaarloosde, wees- of hawelose kinders;
  (ii) die sorg vir of berading van arm en behoeftige persone waar minstens 90% van die persone aan wie die sorg of berading voorsien word, bo die ouderdom van 60 jaar is;
  (iii) die sorg vir of berading van, of die voorsiening van opvoedingsprogramme met betrekking tot fisies of emosioneel mishandelde en getraumatiseerde persone;
  (iv) die voorsiening van rampverligting;
  (v) die redding van of sorg aan persone in nood;
  (vi) die voorsiening van armoedeverligting;
  (vii) rehabilitatiewe sorg of berading of onderrig van gevangenes, voormalige gevangenes en veroordeelde misdadigers en verhoorafwagtende persone;

(viii) die rehabilitasie, sorg vir of berading van persone verslaaf aan ’n gewoontevormende middel of die voorsiening van voorkomende en opvoedingsprogramme met betrekking tot verslawing aan gewoontevormende middels;
(ix) konflikbeslegting, die bevordering van versoening, wedersydse respek en verdraagsaamheid tussen die verskillende volke van Suid-Afrika;
(x) die bevordering van of voorspraak vir menseregte en demokrasie;
(xi) die beskerming van die veiligheid van die algemene publiek;
(xii) die bevordering of beskerming van gesinstabiliteit;
(xiii) die voorsiening van regshulp aan arm en behoeftige persone;
(xiv) die voorsiening van fasiliteite vir die beskerming van en sorg vir kinders onder skoolgaande ouderdom van arm en behoeftige ouers;
(xv) die bevordering of beskerming van die regte en belange van, en die sorg aan asielsoekers en vlugtelinge;
(xvi) gemeenskapsontwikkeling vir arm en behoeftige persone en teen-armoede inisiatiewe, waarby ingesluit is–
(aa) die bevordering van gemeenskapsgebaseerde projekte met betrekking tot selfhelp, bemagtiging, uitbreiding van vermoëns, vaardigheidsontwikkeling of teen-armoede;
(bb) die voorsiening van opleiding, ondersteuning of bystand aan gemeenskapsgebaseerde projekte soos in paragraaf (aa) gemeld; of
(cc) die voorsiening van opleiding, ondersteuning of bystand aan opkomende mikro-ondernemings om kapasiteit te verbeter ten einde besighede tot stand te bring en te bestuur, wat kan insluit die voorsiening van lenings op die voorwaardes wat die minister by wyse van regulasie voorskryf; en
(dd) die bevordering van toegang tot media en ’n vrye pers.

(c) eiendom geregistreer in die naam van ’n openbare weldaadsorganisasie (kultureel) wat vir die volgende openbare weldaadsaktiwiteite gebruik word–
(i) die bevordering, aanmoediging of bewaring van die kuns, kultuur of gewoontes;
(ii) die bevordering, vestiging, beskerming, bewaring of instandhouding van gebiede, versamelings of geboue van historiese of kulturele belang, nasionale monumente, nasionale erfenisterreine, museums, insluitend kunsgalerye, argiewe en biblioteke; en
(iii) die voorsiening van jeugleierskap- en ontwikkelings-programme.

(d) eiendom geregistreer in die naam van ’n openbare weldaadsorganisasie (sport) wat gebruik word vir die administrasie, ontwikkeling, koördinasie of bevordering van sport of rekreasie waaraan die deelnemers op ’n nie-professionele basis as ’n tydverdryf deelneem.

(e) eiendom geregistreer in die naam van ’n openbare weldaadsorganisasie (bewaring, omgewings- en dierebeskerming) wat vir die volgende openbare weldaadsaktiwiteite gebruik word–
(i) deelname aan die bewaring, rehabilitasie of beskerming van die natuurlike omgewing, insluitend flora, fauna en die biosfeer;
(ii) die versorging van diere, insluitend die rehabilitasie of voorkoming van die mishandeling van diere; en
(iii) die bevordering van, en opvoedings- en opleidingsprogramme met betrekking tot, omgewingsbewustheid, vergroening, skoonmaak of volhoubare ontwikkelingsprojekte.

(f) eiendom geregistreer in die naam van ’n openbare weldaadsorganisasie (gesondheidsorg) wat vir die volgende openbare weldaadsaktiwiteite gebruik word–
(i) die voorsiening van gesondheidsorgdienste aan arm en behoeftige persone;
(ii) die sorg vir of berading aan persone wat terminaal siek is of persone met ’n ernstige fisiese of geestelike aantasting, insluitend die berading van hulle gesinne in die verband;
(iii) die voorkoming van MIV-infeksie of die voorsiening van voorkomende en opleidingsprogramme met betrekking tot MIV/VIGS;
(iv) die sorg, berading of behandeling van persone aangetas deur MIV/VIGS, insluitend die sorg of berading vir hulle gesinne en afhanklikes in die verband;
(v) die voorsiening van bloedoortappings-, orgaanskenkings- of soortgelyke dienste;
(vi) die voorsiening van primêre gesondheidsorgopvoeding, geslagsvoorligting of gesinsbeplanning.

(g) eiendom geregistreer in die naam van ’n landbouvereniging wat by die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie geaffilieer of deur die Unie erken word en wat vir die doeleindes van sodanige vereniging gebruik word, sal vrygestel word van belasting, mits die eienaar daarvan jaarliks op of voor 30 September aansoek om vrystelling doen vir die daaropvolgende finansiële jaar.

(h) eiendomme wat aan die volgende kategorieë behoort–
(i) “informele nedersettings” ingevolge paragraaf 4(j);
(ii) “bewaringsgebiede” ingevolge paragraaf 4(l), of daardie gedeelte van ’n eiendom wat in terme van artikel 9 van die Wet as

bewaringsgebied toegewys is in die kategorie “meerdoelige doeleindes” ingevolge paragraaf 4(o); en

(iii) “openbare dienste infrastruktuur” ingevolge paragraaf 4(i).

8. Kortings

(1) Die munisipaliteit kan kortings toestaan aan nywerheidsondernemings wat plaaslike, maatskaplike of ekonomiese ontwikkeling binne die munisipale jurisdiksiegebied bevorder.

(2) Die volgende kriteria sal in aanmerking geneem word–

(a) werkskepping in die munisipale gebied;

(b) maatskaplike opheffing van die plaaslike gemeenskap; en

(c) daarstel van infrastruktuur tot voordeel van die gemeenskap.

(3) Vir kortingsdoeleindes sal nywerheidsondernemings geag word ’n onderneming te wees wanneer dit ingevolge die munisipaliteit se soneringskema wettiglik op ’n perseel wat vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is, bedryf word en wat minstens 25 of meer voltydse werknemers by sodanige perseel in diens het.

(4) Kortings moet binne vyf jaar vanaf die datum waarop die korting vir die eerste keer toegestaan is, uitgefaseer word.

(5) Kortings sal op aansoek toegeken word onderhewig aan–

(a) die indien van ‘n besigheidsplan waarin daar aangedui word hoe die plaaslike, sosiale en ekonomiese doelwitte van die munisipaliteit bereik gaan word;

(b) die indien van ‘n voortsettingsplan, gesertifiseer deur die maatskappy se ouditeure waarin aangedui word dat die doelwitte binne die eerste jaar na totstandkoming bereik is en hoe dit voortgesit gaan word;

(c) 'n assessering en bevestiging deur die munisipale bestuurder dat die maatskappy kwalifiseer.

(6) Kortings kan toegestaan word op die volgende eiendomme–

(a) eiendom toegeken aan die kategorie soos bepaal in paragraaf 4(m), mits–

(i) die organisasie wat sodanige eiendom besit, vir belastingvrystelling geregistreer is volgens die Wet op Inkomstebelasting;

(ii) 'n geldige sertifikaat uitgereik deur die SA Inkomstediens bevestig dat sodanige registrasie toegestaan is; en

(iii) 'n aansoek om belastingvrystelling vir die daaropvolgende jaar jaarliks voor of op 30 September ingedien word.

(b) eiendom geregistreer in die naam van ’n openbare weldaadsorganisasie (onderwys en ontwikkeling) wat vir die volgende openbare weldaadsaktiwiteite gebruik word–

(i) die voorsiening van onderwys deur ’n skool soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr 84 van 1996), omskryf;

(ii) die voorsiening van hoër onderwys deur ’n inrigting vir hoër onderwys soos in die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet Nr 101 van 1997), omskryf;

(iii) basiese onderwys en opleiding vir volwassenes soos in die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet Nr 52 van 2000), omskryf, wat geletterdheids- en gesyferdheidsopleiding insluit;

(iv) verdere onderwys en opleiding deur ’n openbare inrigting vir verdere onderwys en opleiding voorsien soos in die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet Nr 98 van 1998), omskryf;

(v) opleiding vir werklose persone met die doel om hulle in staat te stel om werk te kry;

(vi) die opleiding van of onderwys aan persone met ’n ernstige fisiese of geestelike aantasting;

(vii) die voorsiening van oorbruggingskursusse om onderrigbenadeelde persone in staat te stel om toegang tot inrigtings vir hoër onderwys soos in subparagraaf (ii) beoog, te verkry;

(viii) die voorsiening van onderrig en versorging of vroeë kindontwikkelingsdienste vir voorskoolse kinders;

(ix) opleiding van persone in die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere, vir doeleindes van kapasiteitsbou in daardie regeringsfere;

(x) die voorsiening van skoolgeboue of toerusting vir openbare skole en opvoedkundige inrigtings betrokke by openbare weldaadsaktiwiteite in subparagrawe (i) tot (viii) bedoel;

(xi) beroepsvoorligting en beradingsdienste voorsien aan persone vir doeleindes van die bywoon van skole of inrigtings vir hoër onderwys in subparagrawe (i) en (ii) beoog;

(xii) die voorsiening van koshuisverblyf aan studente van ’n openbare weldaadsorganisasie, instituut, raad of liggaam;

(xiii) programme wat die behoeftes in onderrigvoorsiening, onderrig, leer, opleiding, kurrikulumondersteuning, beheer, heelskoolontwikkeling, veiligheid en sekuriteit by skole, voorskoolse of opvoedkundige instansies soos beoog in subparagrawe (i) tot (viii) aanspreek;

(xiv) opvoedingsverryking, akademiese ondersteuning, bykomende onderrig of uitreikingsprogramme vir die armes en behoeftiges.

(c) eiendomme toegedeel tot die kategorieë volgens die bepalings van paragrawe 4(f) en 4(l);

(d) eiendom wat gebruik word vir openbare diensdoeleindes;
(e) wooneenhede gekategoriseer in paragraaf 5(a) en onderhewig aan ooreenstemming met die volgende vereistes–
  (i) aansoek om korting moet jaarliks voor 30 September ingedien word;
  (ii) applikant moet die geregistreerde eienaar van die eiendom wees;
  (iii) die eienaar moet die eiendom bewoon; en
  (iv) in die geval van 'n skakelhuis waarvan 'n gedeelte uitverhuur word, sal die korting slegs van toepassing wees op die gedeelte wat deur die eienaar bewoon word.
(f) eiendom genoem in paragraaf 5(a), tot ’n bedrag gelykstaande aan die belasting betaalbaar op die eerste bedrag van die waardasie van sodanige eiendom soos jaarliks tydens die munisipaliteit se begrotingsproses bepaal word, onderworpe aan enige voorwaardes wat opgelê mag word. Sodanige eienaar sal steeds aanspreeklik wees vir die betaling van belasting op die waardasie wat meer is as die begrag wat jaarliks bepaal word. Die R15 000 vrystelling soos bedoel in artikel 17(1)(h) van die Wet sal uitgesluit word van die bedrag wat jaarliks bepaal word.
(g) residensiële eiendom, ingedeel in die kategorie soos beoog in paragraaf 5(d), tot ’n bedrag gelykstaande aan die belasting betaalbaar op die eerste bedrag van die waardasie van sodanige iendom soos jaarliks tydens die munisipaliteit se begrotingsproses bepaal word, met dien verstande dat die eienaar–
  (i) ouer as 64 jaar moet wees en vir sodanige korting sal kwalifiseer met ingang vanaf die finansiële jaar waarin sodanige eienaar die ouderdom van 65 jaar bereik met dien verstande dat aansoeke jaarliks voor 30 September by die munisipaliteit ingedien moet word.;
  (ii) die geregistreerde eienaar van die betrokke residensiële eiendom moet wees en dit self bewoon; en
  (iii) sal kwalifiseer slegs vir die mees voordelige van enige kortings waarvoor hy of sy ingevolge hierdie beleid mag kwalifiseer. Die R15 000 vrystelling soos bedoel in artikel 17(1)(h) van die Wet sal uitgesluit word van die bedrag wat jaarliks bepaal word.

(7) Aansoeke om korting moet deur die volgende vergesel word–
(a) ‘n gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument van die eienaar of enige ander bewys van die eienaar se ouderdom, met dien verstande dat geen ouderdomsbeperking van toepassing sal wees indien die eienaar 'n gestremde persoon is wat 'n ongeskiktheidstoelaag ontvang nie; en
(b) bewys van ’n ongeskiktheidstoelaag waar van toepassing.

8(A) Persentasie korting betaalbaar aan senior burgers en gestremde persone

~~Die persentasie korting wat toegestaan word aan senior burgers en gestremde persone word bepaal volgens die onderstaande tabel. Die inkomste en kortings vir die effektiewe finansiële periode vir hierdie beleid is soos volg:~~

(i) ‘n Eienaar van residensiële eiendom wie ‘n senior burger of gestremde persoon is, kwalifiseer vir korting ooreenkomstig sy of haar bruto maandelikse huishoudelike inkomste.
(ii) Om te kwalifiseer vir die korting genoem in paragraaf 8(A)(i), moet die eienaar ‘n natuurlike persoon wees, en ‘n Suid afrikaanse burger wees. Indien nie ‘n Suid Afrikaanse burger nie, moet die eienaar die geregistreerde eienaar wees van die eiendom binne die regsgebied van die munisipaliteit en moet bewys lewer van sy of haar permanente verblyfreg in die Republiek van Suid Afrika.
(iii) Benewens die vereistes genoem in sub paragraaf (ii), moet die eienaar:
  (a) die eiendom okkupeer as sy of haar normale woonplek;
  (b) ten minste 65 jaar oud wees, of in ontvangs wees van ‘n ongeskiktheidstoelaag van die Departement van Sosiale Ontwikkeling; en
  (c) oor ‘n bruto maandelikse huishoudlike inkomste beskik (ingesluit finansiële bydraes van alle lede van die huishouding wat permanent op die eiendom woon), wat nie die hoogste inkomstebedrag soos aangedui in die tabel in paragraaf 8(A)(vi) hieronder, oorskry nie.
(iv) Waar die eienaar meer as een eiendom besit, sal korting slegs op die bewoonde eiendom toegestaan word.
(v) Waar die bewoner van residensiële eiendom die vruggebruiker daarvan is, sal hy of sy aan die bewoningsvereiste voldoen.
(vi) Die persentasie korting toegestaan ten opsigte van ‘n senior burger of gestremde persoon sal bepaal word volgens die tabel hieronder. Die inkomstevlakke en kortings vir die effektiewe finansiële periode van van hierdie beleid is soos volg:

Bruto Maandelikse Huishoudelike Inkomste				**% Korting**
Inkomstevlakke				
Tot en met			6000	100%
Vanaf	6001	tot	8000	75%
Vanaf	8001	tot	10 000	50%
Vanaf	10 001	tot	12 000	25%

9. Aansoek om vrystelling of korting

(1) Aansoek om vrystelling moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word wat beskikbaar is by die hoof finansiële beampte.

(2) Die volgende besonderhede moet op die voorgeskrewe vorm verstrek word–

(a) persoonlike besonderhede van aansoeker;

(b) posadres van aansoeker;

(c) erfnommer van die eiendom waarvoor aansoek gedoen word, soos aangedui in die munisipaliteit se waardasierekords;

(d) 'n beskrywing van die doel waarvoor die betrokke eiendom gebruik word; en

(e) enige ander besonderhede wat die munisipaliteit mag benodig.

(3) Alle aansoeke om vrystelling of korting op belasting moet deur die hoof finansiële beampte of sy gedelegeerde oorweeg word.

(4) Die hoof finansiële beampte of sy gedelegeerde mag die goedkeuring van 'n aansoek om vrystelling of korting op belasting weier indien–

(a) die besonderhede wat op die aansoekvorm verstrek is, onvolledig, foutief of vals is; en

(b) die aansoekvorm nie betyds voor die sperdatum wat vir aansoeke bepaal word, ontvang is nie.

10. Verminderings

(1) Vermindering in die munisipale waardasie soos bedoel in artikel 15(1)(b) van die Wet sal toegestaan word waar die waarde van die eiendom wesenlik verminder word weens brandskade, sloping of vloedskade.

(2) Die vermindering sal onderworpe wees aan 'n sertifikaat wat deur die munisipale waardeerder vir die doel uitgereik is.

11. Belastingaanpassings

(1) Die munisipaliteit mag belastings jaarliks tydens die begrotingsproses aanpas.

(2) Belastingaanpassings moet gebruik word om die bedryfskoste van gemeenskapsdienste te finansier.

(3) Die volgende jaarlikse aanpassings sal ten opsigte van gemeenskapsdienste gemaak word–

(a) alle salaris- en loonaanpassings soos ooreengekom deur die Suid Afrikaanse Plaaslike Regerings Bedingingsraad;

(b) 'n inflasie-aanpassing vir algemene uitgawes, herstelwerk en onderhoud, en bydraes tot statutêre fondse; en

(c) addisionele depresiasiekostes of rente en delgingstekorte wat geassosieer word met die bates wat gedurende die vorige finansiële jaar geskep is.

(4) Buitengewone uitgawes wat nie gedurende die vorige begrotingstydperk voorsien is nie en wat gedurende 'n begrotingshersieningsproses deur die raad goedgekeur is, sal deur die aangepaste eiendomsbelasting gefinansier word.

(5) Alle aanpassings in eiendomsbelasting sal ingevolge die raad se eiendomsbelastingbeleid insake gemeenskapsdeelname aan die plaaslike gemeenskap bekend gemaak word.

12. Meerdoelige gebruik van eiendomme

Belasting op eiendomme wat in die kategorie "meerdoelige doeleindes" ingedeel is, sal bereken word teen die koers soos beoog word deur artikel 9(2) van die Wet.

13. Koste van vrystellings, kortings, verminderings, infasering van belasting

(1) Die Direkteur: Finansiële Dienste moet die raad gedurende die begrotingsproses in kennis stel van al die koste geassosieer met die voorgestelde vrystellings, kortings, verminderings, infasering van belasting en toelaes in die plek van belasting.

(2) Voorsiening moet in die bedryfsbegroting gemaak word vir:

(a) die volledige potensiële inkomste geassosieer met eiendomsbelasting; en

(b) die volle koste geassosieer met kwytskeldings, kortings, verminderings, infasering van belasting en toelaes in die plek van belasting.

14. Betalingsreëlings

Die volgende sake sal ingevolge die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid hanteer word–

(a) die datum waarop belasting verskuldig word;

(b) die laaste datum waarop belasting wat maandeliks sowel as jaarliks betaalbaar is, betaal moet word;

(c) rente op agterstallige belastings; en

(d) optrede teen wanbetalers.

15. Gebruiksaanwending van eiendom

Waar dit nodig mag wees om te bepaal vir welke doel 'n eiendom gebruik word, sal die toegelate gebruik van sodanige eiendom, soos bepaal deur artikel 8(1)(b) van die Wet, bepalend wees.